Die Olielamp

Blad van die Jeug in die Vrye Gereformeerde Kerke van Suid-Afrika

REDAKSIONEEL

Liewe Lesers

Die nuwe jaar het so paar weke gelede aangebreek. Ons weet nie wat in hierdie jaar gaan gebeur nie, dit weet die Here alleen. Vir die mense wat sonder ons Hemelse Vader deur die lewe gaan, is die nuwe jaar 'n angstige saak. Hulle doen alles in hul vermoë om lewe en finansiële welvaart te verseker. Of hulle probeer in die toekoms kyk sodat hul kan weet wat om te verwag. Maar tog verdwyn hulle angs nie. Dit word net al erger. Daarom is dit sinloos. Net ons Vader ken die dag van môre. Hy wil hê ons moet onbesorgd die jaar ingaan, al weet ons nie wat voorlê nie. Dit klink teenstrydig, maar as ons daarna strewe kan ons altyd seker weet dat al is daar verdriet en moeilike tye, die Here altyd die beste met ons voor het. Want hier op aarde deel ons nog in Christus se lyding, maar eendag in die hemel mag ons deel wees van sy heerlikheid. Die Here het in Sy goedheid vir ons die gebed gegee omdat ons nog op aarde moet lewe. Ons mag onbesorgd wees, nie omdat daar baie moeilike tye gaan wees nie, maar omdat ons mag bid. Dit beteken ons mag die Here se hulp vra want Hy maak alles weer goed.

Die Olielamp redaksies het einde laasjaar weereens 'n bosberaad gehou waar groot sake bespreek is. Nuwe idees het vorendag gekom vir 'n nuwe uitleg van die blad. Ook sal daar blokkiesraaisels en ander nuwighede in verskyn. Ons hoop julle hou daarvan!

Die Konges in die Kaap is ook al weer verby. Dit was 'n baie lekker kongres met baie interessante lesings. Ons kennis oor die filosofieë van die Middeleeue tot nou is weer opgeskerp sodat ons kan raaksien hoe die lewe van vandag daardeur beïnvloed word. Die ontspannings was ook baie lekker. Nogmaals dankie aan almal wat die kongres gereël het. Sleutelgat en Voetspoor vertel ons meer oor die kongres, so lees dit gerus.

In hierdie uitgawe kan u lees oor die 'krag van die gebed', gebed in die erediens, ons verantwoordelikheid op oujaarsaand vieringe en nog vele meer.

Laaste maar nie die minste wil ons graag die nuwejaars welkom heet. Ons hoop julle geniet om deel te wees van die jeug. Mag ons saam mekaar se kennis uitbrei in die Woord van God en mekaar opbou in die geloof. Laat ons ook altyd daar wees vir mekaar en vir mekaar bid.

Geniet die uitgawe
Pretoria-Maranata redaksie
Linda de Vente

Jaargang 9 nr 1, Februarie 2005

INHOUD

Redaksioneel	1
Uit Die Woord	**2**
Die Heilige evangelie volgens Markus – 'n Kort oorsig	2
Onbegryplike genade!	3
Op Pad	**5**
Matigheid voor oë	5
Die krag van gebed	6
Voel Jy Ook So?	**8**
Gebed in die erediens	8
Deur Die Sleutelgat	**10**
Voetspore	**12**

UIT DIE WOORD

DIE HEILIGE EVANGELIE VOLGENS MARKUS – 'N KORT OORSIG

AP Drijfhout

Die Kaapse jeugvereninging het besluit om hierdie jaar op die evangelie volgens Markus te fokus. Daarom het ek dit goed gedink om 'n kort oorsig te gee van die omstandighede waaronder die boek geskryf is en die inhoud van die boek.

Die skrywer

Die tweede evangelie dra al vanaf die vroegste tye die opskrif "volgens Markus". Volgens Irenaeus, circa 180, was Markus 'n leerling en tolk van Pertus. Verder word daar ook in die boek Handelinge gepraat van 'n persoon met die naam van Markus. Sy Joodse naam was eintlik Johannes, maar soos die gewoonte was in die tyd, het hy ook 'n Romeinse naam gehad nl. Markus. Hierdie Markus was lid van die eerste christelike gemeente in Jerusalem.

In die nag van 44 waarin Herodes die apostel Jakobus laat onthoof het, was daar baie Christene vergader in die huis van Markus se moeder, Maria. Dit was Herodus se plan om dieselfde met Petrus te doen, maar gedurende die nag is Petrus bevry uit die gevangenis deur 'n engel (Hand 12:12). Hy het toe na die huis van Maria gegaan. Hier uit kan ons duidelik sien dat daar 'n hegte band tussen Petrus en die huisgesin van Maria was. In 1 Petrus 5:13 noem Petrus vir Markus "sy seun".

Daar was'n noue geestelike band tussen Petrus en Markus, waarin Petrus die ouere was. Petrus was die een wat by Christus was tydens sy werk op aarde. Ons kan dus met redelike sekerheid sê dat Markus die meeste van sy kennis oor en insig in Christus se werk opgedoen het uit die onderrig en prediking van Petrus. Hieruit spruit dus voort dat die Evangelie volgens Markus 'n weergawe is van dit wat Markus by Petrus geleer het en, geïnspireer deur die Heilige Gees, neergeskryf het.

Plek van oorsprong

Volgens oorlewering is die boek Markus geskrywe in die omgewing van Italië, en meer spesifiek in Rome. Indien die noue samewerking tussen Petrus en Markus in ag geneem word kan die volgende "bewyse" daarvoor aangevoer word.

(1) Die historiese waarskynlikheid dat Petrus sy laaste dae in Rome deur gebring het.
(2) Die feit dat Markus ook omstreeks die tyd in Rome was, as aangeneem word dat die "Babilon" in 1 Petrus 5:13 verwys na Rome.

As die voorafgaande korrek is was Petrus en Markus saam in Rome teen die einde van Petrus

REDAKSIES:

Pretoria
Redaktrise: Carina Bijker caad@absamail.co.za
Sekretaresse: Petra Ros
Lede: Arjan van Houwelingen; Marius Bijker; Lieze Bron; Willem de Jager; Eric Danielz
Illustrasies: Alex van Houwelingen

Maranata:
Redaktrise: Linda de Vente gdevente@global.co.za
Artikelversorgsters: Cornelia Kerkhoff; Hendriëtte Pouwels

Kaapstad:
Redakteur: Sjirk Geerts 14160986@sun.ac.za
Lede: Anja Luijk, Marthie Breytenbach
Finansies: Albert Drijfhout

Administrasie & uitleg
Administratief en Finansies: Hilda Middeljans
Uitleg: Arjan Bijker arjanb@absamail.co.za

Ons hoop om *Die Olielamp* 11 keer per jaar uit te gee.
Hierdie eksemplaar is ook elektronies beskikbaar by die volgende Internet adres:
http://www.vgk.org.za/olielamp/

se lewe en is dit goed moontlik dat Markus die boek daar geskryf het.

Inhoud
Die evangelie van Markus begin met die woorde: "Die begin van die evangelie van Jesus Christus…". Ons kan dus direk sien dat dit hier nie gaan om die biografie van 'n sekere persoon nie, maar om die evangelie van verlossing deur die Seun van God. In die boek word Christus se lewe op aarde, en sy dood en opstanding beskryf. Dit vorm die begin van die evangelie en die voortsetting daarvan word in Handelinge beskryf.

In hierdie evangelie val die klem op Christus se dade en nie soseer op Christus se woorde nie. Verder volg die gebeure baie vinnig op mekaar. Die woord "dadelik" word herhaaldelik in die evangelie gebruik. Markus beweeg in sy skrywe vinnig van die een daad van Christus na die volgende. Hy teken Christus vir ons as die Seun van God wat onverpoos arbei vir die redding van God se volk.

Daar is twee duidelike lyne of dele in die boek. Ten eerste word Christus beskryf in sy werk hier op aarde as die kneg van God. Tweedens word sy weg na Jerusalem beskryf, waar hy gekruisig word en deur die opstanding uit die dood homself proklameer as die Seun van God.

Vir wie?
Markus het die boek waarskynlik geskryf met die oog op die vroeë christelike kerk in Rome wat swaar vervolg is en baie lyding moes deurstaan. Vir hulle moes dit 'n ongelooflike troos en bemoedinging gewees het. Maar vandag nog is dit vir ons van onskatbare waarde. Ook vandag bring die Heilige Gees vir ons daarin die blye evangelie van die verlossing in Christus!

ONBEGRYPLIKE GENADE!

(Matt 11:25-30)

Arjan van Houwelingen

Elke Sondag leer ons van God se genade. Toe ons jonger was is dit nog op Woensdae by kategisasie vir 'n ekstra keertjie in die week vir ons ingegee. Van kleins af is God se genade vir ons al 'n baie bekende term. Tog is dit ook een van die moeilikste dinge om te verstaan, en ons kan nog gereëld daaraan twyfel deur bang te wees om na God toe te gaan nadat ons sommige sondes gepleeg het, of dit misbruik deur net te doen wat ons wil omdat God tog genadig is.

In Matteüs 11:25-30 hou Jesus een van die mooiste toesprake oor die genade van God. Dit sal daarom goed wees om hierdie artikel met die Bybel oop by Matt. 11 te lees, sodat ons weer 'n keer goed kan herinner word aan God se genade.

Vers 25-26. Jesus se lofsang.

Net voor ons teks begin, praat Jesus oor hoe verskeie mense Hom verwerp het (Matt 11:7-19 en 20-24). Tog kom Hy in vers 25 met 'n lofsang. Hoe kan dit nou? Hy sien dat vir baie mense sy boodskap onbegryplik en afstootlik is. Dit lyk asof selfs die slimste mense die evangelie nie kan verstaan nie. Orals is teenkanting, wat sy werk hier op aarde baie moeilik maak. Hoekom sal Hy die Vader daarvoor dank?

Omdat Hy sien dat die Vader hierdie evangelie, wat vir die slimste mense onverstaanbaar is, verstaanbaar gemaak het vir selfs die domste mense wat hier op aarde rondloop, die kindertjies. Die Vader het niks van ons kant af nodig om sy koninkryk te bou nie. Ons hoef nie slim of sterk te wees om soldate in sy leër te wees nie. Dìt is wat Jesus so bly gemaak het, al het Hy ook so baie teëstand ervaar.

Vers 27. Jesus is die enigste pad na die Vader.
As ons 'n leër moet bou om 'n koninkryk te begin, sal ons allereers die sterk en slim manne kies. Ook as ons ons kerk wil adverteer, sal ons baie maklik begin praat oor hoe goed sekere mense in die kerk is, hoe mooi sommige dominees kan praat, en hoe slim die ouderling is. Daarby kan ons maklik vergeet dat die helfte van die dissipels maar eenvoudige vissermanne was, dat Petrus bang was en die Here verloën het, terwyl Paulus Christene vervolg het voordat Christus hom bekeer het. Almal mense wat in elk geval nie ons eerste keuse sal wees om 'n sterk koninkryk te vestig

nie. Die koninkryk van God, en die manier waarop die Vader daarin te werk gaan is heeltemaal in stryd met ons menslike verstand. Van onsself is die evangelie en die werk van God iets wat ons nooit sal verstaan nie.

Dit wys Jesus uit in vers 27. Slegs Hy ken die Vader volkome. En Hy het daarom na ons toe gekom sodat ons ook die plan wat God met die wêreld het, sal verstaan. Sonder Hom sou ons nog heeltemaal in die duister rondgetas het.

Vers 28. Almal mag na Hom toe kom!
Omdat Jesus sien hoe mooi die plan van God is, en weet dat ons sonder Hom nooit diè plan sal verstaan nie, roep Hy nou almal na Hom toe nader: "Kom na my toe, almal wat vermoeid en belas is, en Ek sal julle rus gee!". Baie mooi woorde, woorde wat ons weer moed gee in die lewe, maar vir wie is dit bedoel?

Uit die vorige paar verse kon ons sien dat dit nie net vir slimmes en sterkes bedoel is nie. Nie net vir die mense wat nooit sondig nie, of mense wat die Bybel vir 100% kan uitlê nie. Nee, Hy roep almal wat vermoeid en belas is. Wie is hierdie vermoeide en belaste mense?

Die Jode in Jesus se tyd het gereëld siekes, lammes en blindes na Jesus toe gebring. Hulle kon sien dat diè mense vir Jesus nodig het. Tog dink Jesus dat dit nie die enigste mense is wat Hom nodig het nie. Hy roep nog meer. Vir gesonde mense roep Hy na Hom, omdat hulle vermoeid en belas is. Hulle moet dit net besef.

Want elkeen van ons weet, as ons mooi daaroor nadink, van duisende dinge in ons lewe wat kan sorg dat ons nie meer veel dink oor onsself nie, en wat ons kan bang maak teenoor ons naaste en veral teenoor God. As ons daarby bedink dat God volkome rein is en die sonde haat, kan dit vir ons 'n ondraaglike las word, en die pad na God heeltemaal toe maak. Van hierdie las kom Jesus ons verlos. Hy gooi dit weg asof dit nooit bestaan het nie. Deur Hom kan ons elke keer weer opnuut begin, kan ons siel rustig wees as ons met die Vader praat. En dis klaarblyklik vir *almal* bedoel. Onvoorwaardelik. Is dit nie verskriklik mooi nie?

Vers 29-30. Die juk van Jesus.
Hoekom dan dat Jesus direk na hierdie mooi woorde van 'n juk praat? Wat help dit as 'n las van ons skouers afgehaal word, net om vervang te word deur 'n juk? Dit lyk asof Jesus die pragtige woorde in die vorige verse al sommer vinnig 'n bietjie minder pragtig maak. Hoekom wil Hy vir ons 'n juk oplê?

Die woorde van Jesus in vers 28 waar Hy almal onvoorwaardelik na ons toe roep, is ontsettend belangrik vir ons verhouding met God. Dit maak dat ons nie bang vir Hom hoef te wees nie, en Hom elke keer weer met volle oorgawe kan dien. Daarom is dit vir die duiwel verskriklik belangrik dat ons die woorde nie sal kan gebruik nie. Hy wil dit ten koste van alles van ons af wegneem.

Die een manier is deur ons te laat glo dat hierdie woorde nie vir ons bedoel is nie, dat ons te sleg is om na Christus toe te gaan. Hierdie gevaar het Jesus aangespreek in vers 25 waar Hy gewys het dat selfs dom kindertjies deur die Vader in sy koninkryk gebruik word. 'n Tweede, en dalk veel gevaarliker manier, is om ons te laat dink dat deur God se genade die sonde nie meer saak maak nie. Dat ons maar kan doen wat ons wil, Christus is tog genadig. Wat dan gebeur, is dat ons nie meer vermoeid en belas voel nie. Dit maak tog nie saak wat ons doen nie. En as ons nie belas voel deur die sonde nie, hoekom sal ons dan nog na Christus toe gaan?

Jesus bewaar ons teen hierdie tweede gevaar deur ons 'n juk op te lê. Ons moet goed besef dat Hy ons groot Koning is wat die sonde haat en van ons verwag dat ons Hom in alles sal dien. So sal ons aanhou besef dat ons Hom nodig het. So sal elke keer wat ons teen Hom gesondig het, maak dat ons belas voel en na Hom toe vlug. En dit maak die juk wat Hy op ons geplaas het, ook eintlik ongelooflik lig, want wie anders het so 'n Koning van wie jy nie hoef weg te vlug as jy teen Hom oortree het nie, *maar juis na Hom toe kan vlug*?!

MATIGHEID VOOR OË

Ranko Agema

Dit is oujaarsaand, dis weer lekkerrr kuier tyd. Almal gaan saam die nuwe jaar inhuldig en 'n mens kan dit mos nou nie doen sonder 'n glasie of twee nie? Ongelukkig is dit nie waar dit stop nie. Dit word 'n kompetisie om te kyk wie die meeste kan drink en vir sommige hou dit 'n sekere status in om die meeste te kan drink, om die groot meneer te wees. So maak te veel drank van 'n mens 'n heeltemal ander persoon, 'n persoon wat nie meer beheer het oor sy inhibisies nie en homself nie soos 'n Christen gedra nie.

Gaan dit by die viering van die nuwe jaar nie oor dankbaarheid nie? Ons moet God dank en prys dat Hy ons nog 'n jaar gespaar het, 'n jaar vol genadegawes wat God ons geskenk het. Dit moet ons nie net by nuwejaar besef nie, maar dwarsdeur die jaar. Hierdie tipe kuiersessies gebeur ook nie net op oujaarsaand nie, maar omtrent elke naweek. Is dit hoe 'n Christen homself vermaak?

Vir ons as mens vandag gaan dit meer oor ons posisie in die samelewing as oor die manier waarop ons onsself as Christene uitbeeld. Daar is baie dinge waarmee mense hulself verkeerdelik besig hou, maar nou is die fokus op drank.

Die vrug van die wynstok is 'n gawe van God wat op 'n verantwoordelike wyse reg gebruik kan word. Daar is ook niks verkeerd met die matige gebruik van drank nie. Christus het vir ons 'n voorbeeld gestel wat ons moet volg en as Christen is dit ons plig. As ons voorgee dat ons dit doen, maar tog saam met die wêreld onsself vermaak, is dit soos 'n klap in die gesig vir God. God het sy enigebore Seun vir ons gestuur om vir ons sondes te sterf en dit is hoe ons vir Hom dankie sê!?

Ons almal ken die gedeelte in Johannes 2 waar Jesus water in wyn verander het toe die bruilofswyn opgeraak het. Hier sien ons weer dat die gebruik van drank nie veroordeel word nie, MAAR die oormatige gebruik of misbruik van sterk drank wat dronkenskap tot gevolg het, word veroordeel. Dronkenskap word so sterk veroordeel dat uitdruklik verklaar word dat geen dronkaard die koninkryk van God sal beërwe nie (1 Kor. 6:10 en Gal. 5:21). Die mens raak daaraan verslaaf en dit kan hom na liggaam en gees, asook finansiëel ruïneer. Uiteindelik word so 'n mens 'n willose slaaf wat alles wat hy besit vir 'n bietjie alkohol sal opoffer. Drank word dan sy god!

Van 'n gelowige word verwag dat hy homself kan beheers (Gal. 5:23). Hy moet sy perke ken en weet hoe ver hy kan gaan.

Ons as mens soek altyd na verskonings om die dinge wat ons weet ons verkeerd doen, te probeer regstel, asof daar niks mee fout is nie.

Almal doen dit, so hoekom mag ek nie?
In die eerste plek, almal is nie altyd reg nie. Ons is almal sondige mense wat dinge doen omdat dit lekker is en nie noodwendig omdat God sê dis reg nie. Ons wil altyd doen wat ander doen, ons wil nie uit voel nie, ons wil deel van die "elite" groepie wees. So stel ons ons vertroue op mense, ja ons volg hulle na terwyl ons God moet volg en gehoorsaam. Ek as mens wil eerder vir my 'n goeie reputasie hier op aarde opbou in plaas van skatte in die hemel vergader.

Ek is nou al oud genoeg en mag doen wat ek wil
"Ek weet wat my perke is en ek weet wanneer om te stop". Hoeveel keer het ons dit nie al gehoor nie. Die hele doel van drank is dat ons dit verantwoordelik moet gebruik en moet weet wanneer om te stop. Ek sê glad nie dat almal onverantwoordelik is, en hulself nie kan gedra nie. Daar is mense wat dit kan doen maar daardie getalle word ook al hoe minder. As jy eers in daardie oomblik opgevang is, is dit moeilik om te stop. Die groot probleem is dat die "gebruikers" van vandag al hoe jonger word en "lets face it", mens moet eers 'n verantwoordelike ouderdom bereik om drank reg te kan gebruik. Dit is hoekom drank nie aan persone onder 18 verkoop mag word nie, of ten minste, dit is hoe dit moet wees.

'n Gevaar vir jouself en ander
"Dit was nou lekker gewees, maar ek moet nou waai, dis al laat". Jy't nou net jou laaste slukkie gevat en besef dit is tyd om in die pad te val, letterlik en figuurlik. "Ek weet mos als die beste, ek is alright man, ek kan bestuur". Gelukkig het jy veilig by die huis aangekom, maar wat kon gebeur het!! Die grootste meerderheid van padongelukke is te danke aan persone wat onder die invloed van drank bestuur. As jy dronk bestuur is jy 'n gevaar vir jouself en ander onskuldige mense wat ook op die pad is. Ek wil graag 'n stukkie aanhaal wat die belangrikste gebod is: "Jy moet die Here jou God liefhê met jou hele hart en met jou hele siel en met jou hele verstand. Dit is die eerste en groot gebod. En die tweede wat hiermee gelykstaan: jy moet jou naaste liefhê soos jouself. Aan hierdie twee gebooie hang die hele wet en die profete".
As jy dronk bestuur toon jy in die eerste plek nie baie liefde teenoor God nie, tweedens bewys jy ook nie naasteliefde nie. Jou liggaam is 'n tempel van God en deur dit nie te respekteer nie, het jy jouself ook nie lief nie.

Die lewe is meer as net lekker jol en naam maak vir jouself. Ons doel as mens op aarde is om God te loof en te prys met alles wat ons het, alles wat ons so genadiglik uit Sy Vaderhand ontvang. Deur drank onverantwoordelik te gebruik, doen ons dit beslis nie.

Bronne:
"Die Gesonde leer" - Prof. PJ de Bruyn
Psalmboek

DIE KRAG VAN GEBED

Hester van der Meulen

Gebed tot God beantwoord vrae, dit bring vergifnis en genesing. Maar as jy bid voel dit soms of God nie werklik daar is nie, dan voel 'n mens se geloof so klein. Hoekom is daar vir my by tye geen motivering om met God in gesprek te kom nie? Wat doen mens dan en hoe?

Gebed…?
Gebed is jou kommunikasiemiddel tot God. Dit is 'n baie belangrike aspek wat in die lewe van 'n christen noodsaaklik is. Die HERE gee gebed aan Sy kinders sodat ons met Hom kan praat, Hom loof en prys en om ons sorge, moeites en verdriet voor Sy voete neer te lê. Hy gee dit ook sodat ons Hom om vergewing kan vra, Hom om Sy seën en hulp te vra asook om ons behoeftes en verlangens aan Hom bekend te maak. Tydens jou gesprek met die Here bevestig jy jou dankbaarheid aan Hom, maar tegelykertyd éís God ook gebed van ons. God

gee graag Sy genade en die Heilige Gees in oorvloed aan die wat in dankbaarheid en onophoudelik daarvoor vra.

Wanneer luister die HERE na my gebed?
"Maar soek eers die koninkryk van God en Sy geregtigheid, en al hierdie dinge sal vir julle bygevoeg word" (Matt. 6:33). Besef dat jy nie alleenlik moet bid vir die bevrediging van sekere behoeftes nie, maar eerstens bid om Sy verlossing, troos en hulp. Dan sorg God vir die res. In die Heidelbergse Kategismus word daar drie dinge genoem wat ons nooit mag vergeet as dit by gebed kom nie:
Bid uit jou hart tot die HERE wat die enigste God is
Ken jou posisie, ons mag niks van die HERE eis nie
Vertrou dat die HERE na jou luister

Verhoor God altyd die gelowige se gebed?
As daar met die woord "verhoring" bedoel word dat God alles gee wat ons vra. is die antwoord nee. As ons met verhoring daaraan dink dat die HERE alles gee wat Sy kinders nodig het, is die antwoord ja. Daar is twee dinge wat die HERE altyd en onmiddelik vir Sy kinders sal gee. Dit is vergewing van sondes en krag van die Heilige Gees. Die Gees wat God ons gee maak ons nie lafhartig nie, maar vul ons met krag, liefde en selfbeheersing (2 Tim. 1:7).

Waarom gee die HERE nie alles wat ons vra nie?
Ons is sondige mense en vra dinge wat nie goed vir ons is nie. God gee net wat goed is (Jak. 1:17)
Al is dit wat ons vra nie sondig nie, het dit nie noodwendig 'n goeie uitwerking op ons lewe nie
Ons vra dinge wat nie in die uitvoering van Sy plan pas nie

My eie planne lyk beter
Daar is sekere mylpale wat jy in jou lewe wil bereik, en dis belangrik om dadelik werk daarvan te maak, maar moenie op jou eie kennis en planne staatmaak nie. Moenie jou hoop op toekomsvoorspellers plaas nie (Jes. 47:13-14), vir die HERE is dit 'n gruwel (Deut. 18:12). Staan vir 'n oomblik stil en dink of dié spesifieke mylpale wel is wat God van jou vra. Ons kan nie tot God roep as ons nie doen wat Hy van ons vra nie (Luk. 6:46). Wees eerder gehoorsaam aan die HERE. Dit kos vir jou as mens baie opofferings, maar die beloning is soveel groter.

Nou is dit skielik donker
In tye van nood en swaarkry het ons die HERE baie meer nodig, dan is dit in baie gevalle eers wanneer jy leer bid. Is dit nie dalk die rede hoekom dit nie altyd voorspoedig gaan nie? God is immers altyd in beheer van jou lewe. Hy laat beproewinge toe en dit bring ons nader aan Hom. Wie is ons dan om die skuld op Hom te plaas? Vra dan wat wil Vader van jou hê. Mens moet tog nie so dwaas wees om van God te eis dat jy wil wen in die spel van die lewe as jy nie volgens die reëls speel nie (2 Tim. 2:5)? Leef dan volgens God se weë, Sy reëls. Nader Hom in gebed en leef vanuit die ware evangelie. Bewaar Sy Woord, dan het jy hom waarlik lief. Vervolgens woon die HERE in jou, Hy is naby en Sy liefde vir jou voel jy elke oomblik van die dag. Dit is van belang om nie net met ons mond Christus te bely nie, maar ook in jou lewenswyse (1 Joh. 3:18). Alle vrese is dan verwyder uit jou lewe, want dit word verdryf deur die volmaakte liefde van God die Vader (1 Joh. 4:18). Dan mag ons jubel en bly wees in Jesus Christus ons Verlosser! Maak jou begeertes in gebed en smeking aan Hom bekend en Hy sal jou bystaan op jou lewenspad.

Dit neem tyd, wees geduldig
Nadat jy in 'n opregte gesprek met God was, word jou probleme nie altyd binne die volgende 5 minute opgelos nie. Nee, God se weë is aan ons onbekend. Soos wat jou verhouding met God groei, waar gebed en Bybelkennis die mees noodsaaklikste is, neem Sy heerlikheid deur die Heilige Gees in jou toe (2 Kor. 3:18). Keer op keer ontvang jy nuwe krag vir die volgende paar kilometer van jou lewenspad (Ps. 84:8). Hulp kom alleen van God (Ps. 3:9). Ons ontvang ook christelike vryheid deur Christus. Waar die Gees van die HERE is, is vryheid (2 Kor. 3:17). Die Vader reik uit na Sy kinders in nood, ons moet net eenvoudig herhaaldelik Hom aanroep.

Gebed van Daniël (Dan. 9:20-23)
Daniël bid 'n opregte gebed tot God. Dis 'n belydenis van sy eie sondes asook dié van die volk. Die hoofdoel van sy gebed was die 'herstel van die heilige berg van my God'. Die gebed strek tot eer van God. God hoor Daniël. Sy gebed het skaars begin, toe kom die engel Gabriël om Daniel heldere insig te gee. Ons leer Daniël ken op die manier hoe hy tot God bid, maar ons leer ook die HERE ken, op die manier hoe Hy die gebed beantwoord. God antwoord soms voor ons vra (Jes. 64:24). Daniël ontvang nou die openbaring in vers 24. God het Sy Seun baie meer lief as Daniël. As ons dan deur die naam van Jesus Christus bid mag ons seker weet dat God ons gebed sal verhoor. Gebedsverhoring beteken nie dat dit gebeur wat ons graag wil hê nie. Daniël het 'n baie meer spoedige herstel van die tempel begeer, net soos ons ook behoort te verlang na die spoedige herstel van die skoonheid van die skepping. Die HERE is haastig om te antwoord en Sy werk te voltooi, maar God se tyd is anders as ons tyd.

Ten slotte
Ongelukkig is Satan hard aan die werk om God se kinders weg van gebed te hou, omdat hy weet hoe kragtig die gebed is. Satan doen dit deur: twyfel in jou hart te plant; hy probeer die gevoel van geloof uit die mens se hart doof; hy neem jou tyd in beslag en plaas jou daaglikse program vol ander prioriteite. Satan kan maar voortgaan met sy slinkse planne, dis tevergeefs. As die Drie-enige God in jou lewe is, as jy 'n verhouding met Hom het, is daar niks wat jou kan skei van Sy liefde nie (Rom. 8:38-39). Vir God is jou gebed soos 'n reukwerk voor Sy aangesig (Ps. 141:2).

Bronne:
OMARTIAN, S.1995. Stormie. Oregon.
REISIGER, H. 1969. Over het gebed. Utrecht.
VISSER, R. (a.s.) Lê die goeie belydenis af. Lig en Lampreeks 1. VGK Pretoria-Maranata.

GEBED IN DIE EREDIENS

Henriëtte Geleijnse

"Ik ga slapen ik ben moe, sluit mijn beide oogjes toe…". So begin die bekende kindergebedjie wat meeste van ons as klein kind by ons ouers geleer het. Wanneer jy ouer word, begin jy die Onse Vader ook leer ken. Bid is om in afhanklikheid van God te lewe. As Dawid in Psalm 144 begin bid, begin hy met lofprysing en seëninge. God moedig ons aan om op Hom te steun. Dawid was 'n biddende gelowige, dus kon hy 'n biddende koning wees.

Ons kan weer dank offer aan God deur gebed
Gebed is juis 'n geleentheid om te dank. Gebed is om dank aan die Here uit te spreek vir Sy genade. Dankbaarheid is daar in ons gebed omdat ons alles van God verwag. Dank kom nie wanneer ons nood verlig is nie, maar IN ons nood. Ons dankbaarheid kom dus tot uitdrukking wanneer ons tot Hom bid. Bid in alles vir Sy genade en vir Sy Heilige Gees. Bid in hierdie wete: "Die Here is naby".

Ons bid in die naam van Christus

Ons inwoning by die Here is nie net uitwendig nie. Ons het voortdurend gemeenskap met God as ons tot Hom bid. Ons het 'n Priester in die hemel wat ons gebede aan die Vader oorbring. Hy gaan na die Vader. Wanneer ek die Vader smeek, eis Christus. Jesus Christus alleen maak my gebed 'n lieflike geur voor God. Hy neem die sondigheid van my hart weg. Die geheim van 'n heilige en onberispelike lewe lê in die gebed. Dan stort ek my hart uit by Hom wat die onmoontlike moontlik maak. Dit wat werklik onmoontlik was, naamlik dat ek gered kan word, maak Hy moontlik.

Gebed in rus

In die eerste plek moet ons onthou om vir alle mense smekinge, gebede, voorbedes en dankseggings te doen. Ons Verlosser wil dat alle mense gered word. God wil 'n biddende gemeente hê! Vir almal moet gebid word en dus ook vir konings en ander vooraanstaandes. Biddend neem mans en vroue hul plek in die gemeente in. Wanneer gelowige mans en vroue biddend voor die Here staan vir die verlossing van ander, word ons gedrag daardeur gevorm. God is ons Verlosser. Hý gee rus. Ons bid nie vir 'n stil en onverstoorde lewe nie! Ons moet leer bid vir die redding van mense vanuit 'n gelowige hoop op die Here se soekende liefde vir sondaars. Biddend sal ons lewens vrugbaar wees voor God. Ons bly dan bid dat God sondaars nie met rus sal laat nie.

Wat behoort ons te bid?

'n Verdere vertroosting vir ons gebedslewe vind ons in Rom. 8:26. As ons sukkel met ons gebedslewe en "ons nie reg weet wat ons moet bid nie, dan tree die Gees vir ons in met onuitspreeklike sugtinge". Die Gees staan ons by in die swakheid van ons gebedslewe. In die gebrokenheid en ontoereikendheid van ons gebede, ondersteun die Gees ons deur vir ons te pleit met versugtinge wat nie met woorde gesê kan word nie. Die swakheid van ons gebede vind ons daarin dat ons nie altyd weet wat vir God reg is nie. Wat behoort ons te bid? Daar waar ons eie vermoëns gebrekkig is, neem die Gees ons gebede en bring dit na die Vader. Die versugtinge van die Gees is waar die Gees ons gebede omvorm sodat dit aansluit by ons eie versugtinge. God ken die harte en gemoedslewe van Sy kinders en daarom begryp Hy soveel te meer die bedoeling van die Heilige Gees.

Die gebed van die gelowiges is 'n gesprek van 'n kind met sy Vader, wat weet wat hy nodig het, nog voordat hy dit van Hom vra. Baie woorde is nie nodig nie, maar die gereelde gebed wel, aangesien ons daarmee ons afhanklikheid teenoor God bely. In die gebed kan ons 'n gesprek met God voer, al weet Hy alles. Gebed is die verbinding met God waardeur ons geloof lewe en bly.

Deur die sleutelgat

Welkom in die nuwe jaar by die sleutelgat my vriende!

Die meeste van ons staan nog met die een voet in 2004 en die ander in 2005 en wik en weeg om met albei vierkantig hul te begewe in die nuwe jaar. Kom ek maak dit 'n bietjie moeiliker en besin oor die feestelike tydperk wat ons meegemaak het...

My geheue is soos die reën, dit kom plek-plek voor en meestal elders, en dit help niks. Die staptoer wat plaasgevind het is een van my eerste herinneringe. Twee dae se stap van Du Toits Kloof tot Bains Kloof (meeste van ons weet na hewige Trivial Pursuit dat Bainskloof-pas Thomas Bains se grootste prestasie was). Met 'n dosyn stappers, wat nie onder 'n kalkoen uitgebroei is nie, is die roete aangepak. Na so 'n halfuur het die liggaamlike letsels (blase) al begin vorm aanneem by sommiges. Met Henriëtte se aanhoudende geklets en Jan wat sorg dat die agter os ook in die kraal kom, was die tog fisies 'n uitdaging en tog baie genotvol. Daar was baie water in die vorm van poele en daarmee gepaard gaan blykbaar baie miere. By die hut was die harde kern o.l.v. Ewart eerste daar en het tot hul skrik agtergekom dat die hut gesluit is. Maar gelukkig kom Jan toe net betyds daar aan, want Ap "the brains in this outfit" Drijfhout wou amper daai slot verniel met sy uiters doeltreffende Switserse Sakmes. Daar is nog nie vasgestel waarvoor dit **nie** gebruik kan word nie... Annamarie en Elisabeth het almal laat sleg lyk met hulle bodemlose energie, terwyl die bittereinder Anja haar durf getoon het. Toe almal dag dat die pyn en lyding amper verby was het vele amper die gees gegee toe almal in die Bosbou Plantasie verdwaal, net voor die einde! Die harde kern word nie somaar geflous nie en het toe vinnig hul sekstante uitgepluk en hul rigting bepaal n.a.v. die sterre.

Ja, en toe kom Alex daar aan en ons weet dat die Kongres naby is. En dit was toe gewis die geval. Met die Kongres was ek konstant met die oor op die grond en my oë wawyd gerek. En na al die bespiegelinge en gerugte is ek besonders verheug en trots om die volgende wenners aan te kondig van die nuwe Sleutelgat Toekennings...
In die volgende kategorie het die volgende persone met die louere weggestap:
Die **Piz Buin** toekenning vir Lennard en Jan-Jaap wat die mite verbreek het dat Kase óf bloedrooi óf spierwit is. Die **Slaap-is-vir-die-voëls** toekenning gaan na Linda wat seker gemaak het dat die kampvuur elke aand dood is na almal daar weg is. Die **Houthakker** toekenning wat met sy vierwiel aangedrewe bakkie vraglading na vraglading hout aangedra het, is niemand anders as Maarten nie. Dan is daar die **Mees-Verbete-Sjoel-Speler** toekenning wat gaan na Elizabeth Aartsma wat menige aspirant sjoel kampioene afgeransel het. Die **Mnr. en Mev. Top Fiks** toekenning word gedeel deur Alex en Ilze. Dan die **Bes Geklede** toekenning by die Kongres-ete gaan aan Rory en Heleen wat Liewe Heksie uitgebeeld het. En haar besem was voorwaar 'n pragstuk! Die **Swaks Geklede** toekenning by die ete gaan na Wolla, Olga en Simone. Is varkies nie veronderstel om lelik te wees nie?? **Onoffisiële Kongres Vark**: Almal het geweet daar is net een: en dis Ap.

Daar het natuurlik veel meer gebeur, maar om alles te verhaal sal my toespraak so lank maak dat Dr. Mangosutho Buthelezi se rekord 3-ure toespraak soos 'n nuusflits klink.
'n Paar hoogtepunte. Die strande is gereeld opgesoek en die weer het nie teleurgestel nie. Baie wysheid is kwyt geraak rondom kerse op die strande van Clifton en seker net soveel onsin daarby! Net voor die Kongres het ons by die bouval gaan kuier waar Annemieke en Tineke bly. Hulle krot was redelik ruim en het gemaak vir 'n gesellige braai. Net jammer dat daar sulke verskriklike reusagtige muskiete was wat immuun was teen tennisrakette en enige fisiese geweld, en wou nie eens verdrink in die borrelbad nie! Dankie hoor julle twee, ons waardeer dit!

By die Kongres was die eerste dag 'n snik hete dag met die ysbreker wat eerder die groenhuis-effek genoem kan word, en Jan wat almal vol modder maak. By die ontgroening het Riaan sy feite omgeruil en met 'n gasmasker rondgeloop terwyl almal weet dat die Kaap die skoonste lug het. Snaakse mense die Pretorianers! (Asterix & Obelix in GP, 1972: 30). Carike het daai aand nie verder gedink as wat haar neus lank is nie, terwyl sy tog snuf in die neus gehad het. Sy het na die varkkop-uitkenning die volgende te sê gehad: "Ek is uiteraard 'n kenner op die gebied!" Ons weet nie wat sy presies daarmee bedoel het nie, maar my infiltreerder sal my binnekort laat weet. Daantjie Kat was so oortuigend dat ek gou my voertuig gaan skuif het omdat ek onwettig geparkeer het en Berend nie die vergewende tipe is nie! Die nagmars is deur Annamarie se groep gesaboteer en het almal gekortwiek en daarby skuld ontken soos altyd! Ek moet nou 'n einde maak. Dan maar kern woorde: Raar-haar-gala, sokker fiasko, saamsing, raak-rugby, water-borrel-rook (dis kripties mense), skaak, ens.

Dankie vir die kookwater-duo in die kombuis, die wyses wat ons kom toespreek het en die wat jonk van gees is wat mooi na ons gekyk het. Dankie vir julle almal en vir Janneman wat alles moontlik gemaak het! Dit was voortreflik. Nuff said, Ai!

Volgende keer gaan dit nie so lank wees nie hoor! Wel...dit is nou as julle julle gedra natuurlik! Arrivederci.

Kruisdra in die Kerkgeskiedenis
Ek gaan van nou af in elke uitgawe 'n klein kerkgeskiedenis-rubriek skryf. Ek hoop dat julle dit sal geniet en ook sal terugvoer gee.

"Wat is die doel van hierdie rubriek?" sal die meeste van julle wil weet. Die doel is om die jeug te bereik met dit wat in die kerkgeskiedenis gebeur het. "Wat het ons nou eintlik te doen met wat vroeër in die kerk gebeur het en hoekom moet ons daarvan kennis dra?" Soos meeste van ons, uit wat ons geleer het op katkisasie of op skool, weet ons dat Christus altyd die kerk in stand hou en haar in die waarheid lei deur sy Woord. Indien daar afvalligheid is, bewerk Hy deur sy Gees elke keer opnuut hervorming, sodat die waarheid bly voortleef. Die kerk behoort aan Christus - van die begin tot die einde. Hy sorg vir sy bruid deur die eeue heen. Deur te kyk na die kerkgeskiedenis, kan ons besef dat alles wat gebeur, deur God gebruik word om ten goede mee te werk.

Ek wil in die volgende uitgawes konsentreer op die Hervorming en op die groot name wat daarmee saamgaan. Wat was die Hervorming? Dit was die losmaak van God se kinders uit die dwalende leer van die Rooms Katolieke kerk - vroeg in die 16de eeu. Dit is 'n bewys vd voortsetting vd waarheid.

Ter inleiding wil ek na julle toe kom met die volgende vraag, en ek wil hê dat julle bietjie moet nadink: Wanneer het die Hervorming werklik begin? Was dit in 1517 met Luther se openbare protes? Hy het mos op 31 Oktober daardie jaar sy 95 stellinge teen die deur van die kasteelkerk te Wittenberg gaan vasspyker. Sy doel: 'n uitnodiging tot 'n akademiese debat oor die huidige kerkleer, oor God se Woord en boetedoening in die huidige Roomse kerk. Die reaksie daarop was vurig en aanvallend wat gekenmerk is met twisgesprekke en selfs in 1520 die pous se banvloek. Was dit nie dalk waar die Hervorming begin het nie? Die pous het Luther met 'n bandokument gedreig. Luther moet sy standpunt binne 60 dae terugtrek en al sy boeke moet verbrand word. Luther se reaksie: saam met sy studente gaan verbrand hy op 10 Desember 1520 die pouslike banbul saam met ander Roomse geskrifte. Dit is dus 'n meer radikale en openbare verwerping van die Roomse dwalinge.

Op die einde van die dag gaan dit nie soseer oor presies wanneer die Hervorming begin het nie. Die hoofsaak is dat God sy Heilige Gees in mense se harte laat werk het om die waarheid van die Woord te herken en na te volg.

Voetspore

Hallo weer…

Ons is terug en nog 'n jaar het verby gevlieg! Namens myself hoop ek dat 2005 'n lekker en gesonde jaar mag wees. Dit is weer tyd vir swot en skool! Ook aan ons nuwelinge wat nou by ons aansluit, 'n hartlike welkom by die groot jeug! Maar eers wil ek 'n jaar teruggaan en met julle die sosiaal van Desember deel.

Daar was nie eintlik baie nie, want almal was in rep en roer oor KONGRES 2004. Sommige jeug was al vroeg in die Kaap om hulle geliefdes en vriende weer te sien. Daar was jeug wat gevlieg, gery en selfs fiets gery het! Dis nou Johan en Zulu. Gelukkig was dit (net?) vanaf Port Elizabeth!

En toe is dit die kongres wat van 20 – 24 Desember plaasgevind het. En wie het weer gekom om sy kongresvark-titel te verdedig? Jan-Jaap natuurlik! Maar sy staan het tot 'n einde gekom, want glo dit of nie: Marius Bijker ('n Olielamp-lid) het die trofee ingepalm deur koffie in die meisies se stortkoppe te sit. Die beoordeelaars het geen ander keuse gehad as om die trofee aan hom te oorhandig nie. Mooi so, Marius!

Die kompetisie waar ons ons hare op 'n kreatiewe manier moes omskep, was een van die vele hoogtepunte van die kongres. Sommiges het hul hare gekleur en ander het dit sommer halfpad afgeskeer! Hester het van moeder natuur ('n paar stokke) gebruik gemaak vir haar haarstyl.

VERJAARSDAE

Bethal	
Melinda Deysel	23-Feb
Albert Coetzee	16-Mar
Johannesburg	
Freddy van Lith	23-Feb
Peter Hamming	12-Mar
Wolter Bijker	20-Mar
Johan van Lith	22-Mar
Pauline Seijdlitz	27-Mar
Kaapstad	
Hester Douma	4-Feb
Carike Byker	7-Feb
Adriaan Haak	8-Feb
Carien Antonides	28-Feb
Corrien Geleijnse	1-Mar
Sjirk Geerts	5-Mar
Maarten Riamond	21-Mar
Annelie v/d Hout	23-Mar
Maranata	
Pieter vd Dolder	1-Feb
Tanya Kampman	13-Feb
Veronica Bmeester	20-Feb
Bertha de Jager	3-Mar
Gerda Aartsma	24-Mar
Erik Visser	30-Mar
Marinus de Jager	31-Mar
Pretoria	
Wouter Ros	9-Feb
Chris Stolper	10-Feb
Bettie van der Walt	11-Feb
Albert Bijker	12-Feb
Celeste Bron	20-Feb
Eric Danielz	20-Feb
Annette van der Poel	21-Feb
Marita Ros	24-Feb
Jako Lubbinge	27-Feb
Ineke Roose	2-Mar
Marjanie Roose	2-Mar
Jeanine Hordijk	8-Mar
Jan Lubbinge	13-Mar
Gerda Aartsma	24-Mar
Natasha Danielz	25-Mar
Pieter Bron	25-Mar
Albert van der Poel	26-Mar
Frank Douma	30-Mar

Alex het met sy lang lokke sy gesig bedek en het kompleet soos die "man in the iron mask" gelyk! Olga se skepping het met die eerste prys weggestap. Geluk aan almal wat deelgeneem het, julle het regtig goed… uh… weird gelyk!

Toe die kongres-ete. Die tema was "sprokies" en die jeug het in alle kleure en geure daar aangekom, selfs Liewe Heksie se besem (Arjan) was daar! Die kongres het tot 'n einde gekom. Die meeste van die jeug het nog 'n paar dae gebly en selfs Tafelberg met stapskoene (en sommige kaalvoet!) aangedurf. Daarna was dit weer snot en trane met die afskeid en die groot trek terug huistoe: "back to reality".
Ek wil almal 'n suksesvolle jaar toewens en sterkte met alles wat julle gaan aanpak hierdie jaar!
Tjeers vir eers!

"Sonde is nie net die verkeerde dinge wat jy doen nie, maar ook die goeie dinge wat jy nalaat!"